Mind Moves® gee lig in die tonnel vir my kind wat as 'stout' en 'ongehoorsaam' beskou was.

Beste Melodie en Debbie
Gedurende gisteraand se Ouerforum, wou ek begin huil, en dit was min of meer dieselfde tyd wat Melodie gesê het, kyk op as jy nie wil huil nie. Gelukkig het ek ook by die oop deur gesit so ek kon "pretend" dit was die wind in my oë.

My trane was van frustrasie maar ook van verligting. Frustrasie, dat ek as Ma so graag wou gehad het, dat daar geen struikelblokke moet wees vir Dean* nie, en dat sy akademiese- en sportlewe tog net normaal moet wees, en ek moeg is om stelsels te veg - veral op die stadium Sportstelsels. En dat die samelewing alewig kritiseer, want almal is 'n ekspert oor wat verkeerd is met Dean, en so geneig om hom in die stout, ongehoorsame kind-boks te wil indruk! En dan verligting, iewers gisteraand het die "light bulb" vanself aangekom. Daar is helder weerlig strale wat opflits aan die einde van my donker tonnel, want MIND MOVES is deur 'n baie cool ma ge-skep, wat erken dat sy nie 'n perfekte ma was nie, en dat dit maak nie saak hoe oud jou kind is nie, dit kan reg-gestel word. Ek is so bly ek het gisteraand my Ma saamgebring, sy het jou forum baie geniet en verstaan ook nou Dean en sy maniertjies beter, en ek weet my ma sal nou my "backup en support" wees!

Ek verstaan ook nou beter die wonderlike wetenskap agter die oefeninge wat ek met Dean moet doen, en ek moet eerlik wees ons het baie goed begin met die oefeninge, maar toe raak Dean siek einde Junie, en ek het die oefening meer gesien as 'n hindernis as 'n hulpmiddel. Vanoggend in my geselsies met Dean oppad skool toe, het ek en hy saam besluit ons begin weer in alle erns vanaand! Melodie, ek moet ook vir jou noem, gis-teroggend het ek met Debbie gesels terwyl die kinders op pad was na hulle oggenddiens, en ek het gesien Dean was besig terwyl hy loop om die MIND MOVES ooroefeninge te doen. Toe ek vanoggend vra, hoekom het hy sy ooroefeninge gisteroggend gedoen, toe sê hy dat hy nie eens kan onthou dat hy dit gedoen het nie. Dit sê vir my dat jou MIND MOVES ooroefeninge het defnitief 'n subtiele verskil gemaak met Dean - dat dit nou deel is van sy lewe.

Melodie, nog 'n "confession". Debbie het vir my jou MIND MOVES boek geleen, maar ek was nie te gretig om dit te lees nie, want dit lyk soos "overload of information" van net nog 'n "geleerde" wat dink hulle weet wat fout is met my kind. BOY OH BOY, het ek gisteraand besef hoe verkeerd ek was. Ek begin vanaand met die boek, en gaan dan dit aangee vir my ma. Ek wil ook graag die boek bestel, want ek het 'n idee dit gaan my baie handig te pas kom in die toekoms.

Melodie, BAIE BAIE DANKIE vir jou positiewe energie wat jy gisteraand in my hart en gemoed ingebring het, alhoewel ek voel die trane sit nog vlak, maar dis trane van verligting en trane dat ek voorwaar baie bevoorreg is dat daar onderwysers is soos Debbie, wat omgee vir Dean en alles in haar vermoë sal doen om hom te help. Ek moet ook dankie se vir my HERE, dat ek as ouer bevoorreg is om Dean in St Andrews te kon plaas, want hoe anderster sou Debbie op ons paadjie beland het.

Also, I got so many compliments on Dean's role he had in the play, the mom's and even one dad, could not be-lieve how confident Dean has become and how clear he spoke, and all I told them, was thanks to an Advanced Mind Moves Instructor, Mrs Van & MIND MOVES!

Debbie – you have officially become my heroin. I don't know how I can ever thank you enough for the passion and love you have for our children. Thank you for bringing Mind Moves to our town and for choosing Dean to be part of your Mind Moves group. You are our angel and I'm thanking God for you! From the bottom of my heart, thank you for loving Dean as if he is your own. We are truly blessed to have you part of Dean's academic development.

THANK YOU!

*Skuilnaam